REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Liewe Olielamp lesers

Dis Novembermaand en die maand het ek offisieel die voorreg om my eerste Olielamp uitgawe uit te gee as redaktrise van Pretoria.

Ek beleef die laaste tyd baie negatiwiteit onder vriende en kennisse in my lewe. Dinge soos " ..ek sal die eksamen nooit maak nie.." " ..dit sal nooit werk nie.." ".. die mense sal nie hou van my idees nie.." Ons vertel onsself die allerverskriklikste dinge.

In die proses vergeet ons een baie belangrike ding. By God is alles moontlik. Hy gee ons die krag en moed om te leer en gereed te wees vir die eksamens. Hy gee ons die krag om te veg teen slegte gewoontes, soos rook. Hy gee ons die vermoë om suksesvol te wees in ons werk. Die Here gee ons die vermoë om baie dinge te bereik in ons lewe.

Ek wil graag 'n paar tekste uit Spreuke aanhaal. Volgens die verklarende Bybel wys hierdie tekste vir ons hoe die optimistiese wysheid volle vertroue het in die wyse woorde van die mens en sy arbeid. En al is God in beheer, het Hy die mens die vermoë gegee om lewe, geluk, welvaart, voorspoed en beveiliging tot stand te bring en uit te bou.

"Die woorde van die regverdige bring lewe en geluk…" (10:11)
"Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, het nie verstand nie" (12:11).
" 'n Mens kan voorspoedig word deur altyd die regte woorde te gebruik, of hy kan die vrug geniet van wat hy met sy hande doen" (12:14).
"Kalmerende woorde bring lewe, skynheilige woorde breek mense" (15:4).
"Dit is die wyse man wat sterk is, die een wat kennis het, wat werklik mag het" (24:5)

Hierdie tekste wys dat ons nie onsself moet afkraak en ook nie ander en hul idees nie. Ons mag positief wees oor die mens se vermoëns, want dit is deur God geskape!!

Sterkte met almal wat nog eksamens skryf, almal wat 'n stresvolle jaareinde beleef by die werk.
Bid vir krag en gebruik jou Godgegewe talente en vermoëns.

Geniet die uitgawe!
Liza

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Matt. 5:6 3
Die Moederhart van God 4
Die verkry van wysheid is 'n Goddelike opdrag maar verseker nie geluk of rykdom nie 5
Oppad 6
Boesemsonde 6
Godsdiens – 'n nuwe era (II) 7
Hoe gaan ons met mekaar om in die jeug? 8
Voel jy ook so? 8
Dis nice om te kyk 8
Godsdiens en die media 10
Nog iets 11
Tempelbouer of toeskouer? 11
Voetspore 13
Deur die sleutelgat 14

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 12 November 2006

Uit die Woord

Matt. 5:6

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Marieke Mars

In die vierde saligspreking noem Jesus dié gelukkig wat honger en dors na die geregtigheid.

Dit lyk of daar baie mense in die ry kan gaan staan. Streef elke politieke party nie na geregtigheid op aarde nie? Maar dan moet ons nie Jesus se woordkeuse verby kyk nie. Hy gebruik 'n vreemde verbinding. *Honger en dors*. Dit doen ons na voedsel en drank wat ons liggame nodig het.

En nou is dit vreemd dat mense buite die paradys altyd hulle mond vol het van geregtigheid, maar dat hulle glad nie erken dat hulle eie lewe leeg is daarvan nie. Johannes die Doper het dit aangewys, ook aan die godsdienstige Fariseërs. Hy het die mense geleer, deur 'n boete-doop, dat hulle eie maag gevul moes word: hulle eie lewens het tekort geskiet aan die geregtigheid. Baie leerlinge van Johannes die Doper sit nou rondom Jesus en Hy noem hulle gelukkig wanneer hulle ontdek het dat hulle onregverdig is en wanneer hulle verlang na vergewing en heiliging vir hulleself.

Hulle staan op die weg na die geluk, want geregtigheid kan net in die wêreld terugkom via die harte van die mensekinders. Nie deur revolusie nie, nie deur oorlog nie, maar deur die bekering tot God.

Stilstaan

A Quarter Too Much

Several years ago, a new preacher moved to Houston, Texas. Some weeks after he arrived, he had occasion to ride the bus from his home to the downtown area. When he sat down, he discovered that the driver had accidentally given him a quarter too much change.
As he considered what to do, he thought to himself, "You'd better give the quarter back. It would be wrong to keep it." Then he thought, "Oh, forget it, it's only a quarter. Who would worry about this little amount? Anyway, the bus company gets too much fare; they will never miss it. Accept it as a 'gift from God' and keep quiet."

When his stop came, he paused momentarily at the door, and then he handed the quarter to the driver and said, "Here, you gave me too much change." The driver with a smile replied, "Aren't you the new preacher in town? I have been thinking lately about going to worship somewhere. I just wanted to see what you would do if I gave you too much change. I'll see you at church on Sunday"

When the preacher stepped off of the bus, he literally grabbed the nearest light pole, held on, and said, "Oh God, I almost sold your Son for a quarter."

Our lives are the only Bible some people will ever read. This is a really almost scary example of how much people watch us as Christians and will put us to the test! Always be on guard and remember that you carry the name of Christ on your shoulders when you call yourself "Christian."

Die Moederhart van God
(Jes. 66:6-13)

Net gou 'n geheueverfrissertjie: Die Olielampredaksie het besluit om vir Uit die Woord 'n reeks artikels uit te bring wat vir ons karaktereienskappe van God uitwys, sodat ons kan leer hoe ons in verhouding tot Hom staan en wat ons van Hom kan verwag. Hier is nog so 'n eienskap: God het 'n Moederhart. Klink amper na feministiese nonsens, maar tog is dit so. Kom ons kyk bietjie na die teks.

Jerusalem (vs. 1-11)
Die hoofstuk begin met 'n treurige beeld van Jerusalem. Die volk het God verlaat, ten spyte daarvan dat Hy hulle steeds geroep het, het hulle Hom geïgnoreer. En daarop het natuurlik God se straf gevolg: ten tye van Jesaja se profesie is daar amper niks van die stad oor nie, die inwoners is in ballingskap na Babel toe gestuur en daar sit hulle en treur oor Jerusalem. Die stad waar God onder sy volk gewoon het, is vernietig, omdat hulle Hom nie tussen hulle wou gehad het nie. 'n Baie neerdrukkende prentjie.

Maar dan kom Jesaja skielik met 'n positiewe profesie. Die mense wat treur oor Jerusalem (en dus berou het oor hulle sondes) kan maar ophou! Dit moes 'n baie onverwagse boodskap vir die volk gewees het. In daardie omstandighede sou hulle dit rêrig nie kon dink nie. Wel, net so onverwags, sê Jesaja, sal Jerusalem herbou word. Amper soos 'n ma wat 'n kind kry sonder dat sy dit agterkom (vers 7). Dan moes dit wel verskriklik onverwags gebeur het. Later in die Bybelgeskiedenis kan 'n mens dan ook lees hoe kragtig en onverwags God Jerusalem en die tempel laat herbou het onder leiding van Esra en Nehemia.

Jesaja bly by die beeld van 'n ma. In vers 10 en 11 skets hy Jerusalem as 'n ma wat vir haar kinders voed en versorg. Hierdie profesie het uitgekom. Die ballinge het teruggekom, die tempel is herbou, en die volk kon hulle weer geestelik voed in Jerusalem omdat God weer daar onder hulle woon.

God se Moederhart (vs 12-13)
Amper ongemerk bring Jesaja die beeld van 'n moeder direk toepaslik op God se liefde vir sy volk: Die Here sê dat Hy sy kinders sal dra, vertroetel en vertroos, soos wat 'n *ma dit met haar eie kinders doen*. 'n Sterk beeld: dink bietjie terug hoe baie versorging en beskerming jou ma al in jou lewe gebied het. Of luister bietjie na jong ma's se gesprekke met mekaar: dit gaan amper net oor hulle kinders! En het jy al ooit 'n jong hondjie by sy ma probeer weghaal? Probeer dit maar liewer nie!

So bewoë soos 'n ma oor haar kinders is, so bewoë is God oor ons. Hierdie moederlike karakter wys Christus ook met sy woorde in Lukas 13:34: "Jerusalem, Jerusalem…hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie!" Christus het vir die volk diep emosioneel omgegee, soos 'n ma vir haar kinders. Hy het die wat uit samelewing verstoot is, gaan opsoek; die wat siek en gebroke was, genees en saam met mense gelag en gehuil. Hy wil ook jou baie graag onder sy vlerke hê, sodat Hy ook jou kan oppas en versorg. Laat dit toe. Moenie soos die inwoners van Jerusalem net *nie wil nie*. Gaan skuil by Hom. Hy is só bewoë oor sy kinders dat Hy hulle met sy lewe beskerm het, en so voel Hy nog steeds oor ons.

Verwerkte preek van Jan van Houwelingen

Die verkry van wysheid is 'n Goddelike opdrag maar verseker nie geluk of rykdom nie

Prediker 9:11-18

11 Weer het ek onder die son gesien dat die wedloop nie is
vir die vinniges en die oorlog nie vir die helde nie; en
ook die brood is nie vir die wyse of ook rykdom vir die
slimmes of ook guns vir die verstandiges nie; want tyd
en lotgeval tref hulle almal.
12 Ja, die mens ken ook sy eie tyd nie, soos die visse wat
gevang word in die gevaarlike net, en soos die voëls wat
gevang word in die vangnet—soos hulle word die
mensekinders verstrik in die tyd van onheil as dit hulle
skielik oorval.
13 Ook het ek dit as wysheid gesien onder die son, en dit
was groot in my oog:
14 daar was 'n klein stadjie en min manne daarin, en 'n
groot koning het daarteen gekom en dit omsingel en
groot beleëringswerke daarteen gebou.
15 En daarin is 'n arm wyse man gevind; dié het die stad
deur sy wysheid gered, maar geen mens het aan
daardie arm man gedink nie.
16 Toe het ek gesê: Wysheid is beter as heldekrag; maar
die wysheid van die arme word verag, en na sy woorde
word nie geluister nie.
17 Woorde van wyse manne, wat rustig aangehoor word, is
beter as die geskreeu van 'n heerser onder die dwase.
18 Wysheid is beter as oorlogswapens, maar een sondaar
bederf baie goeie dinge.

Die skrywer van die boek Prediker soek antwoorde op moeilike en soms onbeantwoordbare vrae. Vrae wat te doen het met die lewe, die natuur en die mens se lewenswyse. Hy kom tot die gevolgtrekking dat wyse en dwase, mens en dier, dieselfde lot deel. Wat God doen is onbegryplik. Prediker se antwoord op al die vrae is dan net dat ons God moet dien en die lewe as 'n gawe van God moet geniet. ***Lewe in alle verantwoordelikheid tot Hom.***

Prediker bevat 'n hele klomp temas waarvan hoofstuk 9:11-18 onder die tema *Die waarde van wysheid* val.

In vers 11 begin Salomo (die waarskynlike skrywer van die boek Prediker) met 'n klomp stellings. Verder het ek in die wêreld gesien: dit is nie (noodwendig dat) die vinniges die resies wen en die sterkstes die oorlog wen nie, dat net die wyses kos het nie, dat net die verstandiges ryk word nie, en dat dit goedgaan net met dié wat kennis het nie.
Hierin beskryf hy mense as slagoffers van onnaspeurlike of selfs wrede lotgeval. Lotgeval is egter nie die noodlot nie, maar die ondeurgrondelike beskikking van God. Ons as gelowiges moet verstaan en glo dat God die gebeurtenisse in onverwagse weë laat gebeur, volgens Sy wil. Dikwels téén dit wat die mens wil hê moet gebeur.

Dit is moeilik om te verstaan en nog moeiliker om te aanvaar, in 'n wêreld waar wysheid en harde werk moet uitloop op ekonomiese welvaart. Wysheid en harde werk bring mos rykdom? Daarom studeer ons immers?

Die vraag is of ons studeer om 'n goeie inkomste te kry of om ons werk goed en met wysheid te kan verrig, sodat God daarin verheerlik kan word. Wat is ons rede om te SWOT? Ja, dit kan beteken dat inkomste en beroepsukses laag is, maar die werk werklik tot Gods eer verrig word.

In vers 14 vertel die Prediker 'n verhaal wat 'n groot indruk op hom gemaak het. Die gebeurtenis het homself waarskynlik in Prediker se tyd afgespeel. Dit gaan oor 'n arm wyse man wat in 'n klein stadjie met min mense gebly het. 'n Groot koning het dit egter kom omsingel en beleër. Die arm man het die stadjie deur sy wysheid van die magtige koning gered, maar niemand het hom onthou of aan hom gedink nie. Salomo sien dan hieruit dat wysheid beter is as mag, maar dat die wyses nie altyd *waardeer* word nie.

In Markus 6:2 en 3 is Jesus in die sinagoge besig om te leer. En ook Hy is verag deur die mense wat na Hom geluister het. Hulle het gevra: *"Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind?"* (vers 2). Hy is verag omdat Hy so baie krag en wysheid gehad het en Hy was maar net die seun van 'n timmerman. Sy broers en susters was gewone mense, daarom kon die mense nie glo hoekom Hy sulke wonderwerke kan verrig nie.

Werklike wysheid (*kennis van God*: sien Spreuke 8 en 9) word nie deur die wêreld waardeer en erken nie. Die wêreld sien dit as wysheid sonder 'n potensiële ekonomiese voordeel. Hulle sien dit as dwaasheid. Waarom jou vermoei met kennis wat vir jou hoegenaamd geen voordeel inhou nie?

Wysheid begin met die dien van die Here - wie die Heilige ken het werklike insig. As jy wysheid het sal jy lank lewe, het jy self die voordeel daarvan. (Spr. 9:10-12 NAV)

Verag ons die Wysheid deur de wêreldse wysheid na te jaag?

Oppad

Boesemsonde

Eendag was Gert lus vir ‘n koekie. Hy soek die huis vol vir die blik en uiteindelik kry hy dit. Nadat hy een geëet het, begin hy so bietjie skuldig voel. “Dis die laaste keer dat ek sonder my ma se toestemming ‘n koekie vat” sê hy. Net ‘n dag later vat hy weer een totdat die blik leeg is.

Dit is wel ‘n eenvoudige voorbeeld maar dit gebeur dikwels dat ‘n persoon ‘n sterk neiging het om ‘n spesifieke sonde te doen, om een of meer gebooie van die Here op ‘n bepaalde wyse te oortree, byvoorbeeld ‘n neiging tot diefstal (soos in Gert se geval), onkuisheid, drankmisbruik, verwaandheid, eersugtigheid, spandabelrigheid, gierigheid, ensovoorts. Gewoonlik word daarvan gepraat as ‘n persoon se *swak punt* of sy *boesemsonde*. Dit is ‘n geliefkoosde sonde waartoe hy baie maklik verlei kan word. Dit is ‘n punt waar hy in sy stryd teen Satan en die sonde baie kwesbaar is.

Indien iemand so ‘n boesemsonde het – en die meeste mense het dit – moet hy goed daarvan bewus wees en homself nie probeer bluf deur te maak asof hy niks daarvan weet nie. Hy moet besef dat Satan hom juis op daardie punt van sy lewe sal probeer aanval om op dié wyse se hele lewe te verwoes. Dit is immers altyd so as daar oorlog gevoer word: die een vegtende groep probeer die ander groep op die swakste en kwesbaarste plek aanval, die plek waar hy die maklikste en terselfdertyd die grootste skade kan aanrig. So doen Satan ook met die mens. Daarom moet die gelowige juis ten opsigte van daardie swak punt in sy lewe uiters waaksaam en op sy hoede wees. Hy moet homself nêrens, maar veral nie ten opsigte van sy boesemsonde aan die verleiding en versoeking van Satan blootstel nie. Wie byvoorbeeld ‘n sterk neiging tot drankmisbruik het, moet alle plekke of byeenkomste waar sterk drank bedien word, waar enigsins moontlik vermy.

Van die ryk jongman word gesê dat hy al die gebooie van die Here onderhou het, maar dat sy geldgierigheid en verknogtheid aan aardse besittings hom verhinder het om in die koninkryk van God in te gaan. Daarom het Christus aan hom gesê: “Net een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir die armes, en jy sal ‘n skat in die hemel hê” (Mark. 10:21). Dit beteken dat hy hom van sy boesemsonde moes bekeer, anders kan hy nie in die koninkryk van God ingaan nie.

Wie keer op keer in ‘n boesemsonde val, moet nie moedeloos word en ophou om daarteen te stry nie; inteendeel, hy moet steeds met groter inspanning stry, terwyl hy God aanhoudend en baie ernstig bid om hom te help in sy stryd teen die sonde. Hy moet steeds bly glo dat God aan hom die krag en genade sal gee om dit te kan oorwin.

Godsdiens – 'n nuwe era (II)

Oom Hilko

"..want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels." (2 Tim. 4: 3-4)

Die Satan laat nie op hom wag nie. Hy stuur valse leraars wat die mense van die ware leer moet aflei. Paulus het reeds te doen gehad met die stryd teen die Judaïste wat wou hê dat die Mosaïese wette nog steeds onderhou moet word. Die Roomse kerk met sy Pous neem die gesag oor die Woord oor. So is daar ook ander 'kerke' wat glo dat die era van die Apostels nie afgesluit word nie. Die Here openbaar sy Woord steeds aan verdere apostels. Hulle glo die Bybel is nie die enigste bron waaruit ons die Woord van God ken nie. So sien ons vandag nog steeds die sogenaamde Apostoliese kerke met hulle hedendaagse 'apostels'. Ook elke sekte het sy eie 'apostel' waarmee dit begin het.

Vir hierdie mense is die Bybel nie die enigste bron van gesag nie. Dit is slegs 'n klein deeltjie daarvan, want intussen was daar alweer soveel meer 'openbarings' gewees van God se wil. Dat op hierdie manier die Bybel in mindere of meerdere mate op die agtergrond skuif, is seker dan ook te verstaan. Ja, selfs dat daar nuwe 'openbaringe' is wat die Bybel korrigeer en verander.

Maar nie net by die sogenaamde sektes tref 'n mens dit aan nie. In die charismatiese bewegings tref mens dit aan in 'n heel onverwagse vorm. In 1 Joh. 5 vers 18 lees ons: *"Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie."*

Hulle glo as die Here jou op 'n dag tot bekering gebring het, geld dit vir jou van daardie oomblik af. Die Here woon dan in jou. Jy is Sy kind en dan praat Hy ook met jou. Hy leer jou nie net meer deur sy Woord nie, maar ook deur gedagtes in jou hart te lê. 'n Mens sal gereeld hoor dat so 'n persoon sê: "Die Here het dit in my hart gelê". So kry 'n mens dat iemand 'n roeping in sy hart kry om die Evangelie te gaan verkondig; of, wanneer hy/sy voor 'n moeilike keuse staan, die antwoord wat om te doen. Op hierdie wyse is elkeen 'n 'apostel' wat 'openbarings' van die Here ontvang. Maar hulle vergeet dat dieselfde apostel Johannes ook sê: *"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.* (1 Joh. 1:8-10) (Dat hierdie twee gedeeltes glad nie in stryd met mekaar is nie, is nie nou onder bespreking nie).

Om die 'wil' van die Here te wete te kom misbruik hierdie mense die Bybel dan soos volg: die Bybel word ná gebed op enige willekeurige plek oopgeslaan. Die eerste teks wat jou oog vang, is die antwoord van die Here. Ander metodes is om 'n klomp tekste op klein papiertjies te hê. Een word dan willekeurig gekies as antwoord op jou probleem, of as jou gedagte vir die dag te dien (die sg. "koringkorretjies"). Die gevolg is dat die werklike openbaring van God, in sy konteks, verlore gaan.

Vanaf die begin wil die mens soos God wees. In bogenoemde sien ons dit. Die 'apostel' is die ontvanger van die onfeilbare woorde van God. By die charismatiese beweging is elkeen sy eie leraar ontvanger van die onfeilbare woorde van God. Hierin sien ons die invloed van die "New Age" gedagte dat elkeen sy eie god is.

Naskrif: Die oordeel kom ons nie toe nie. LW ek spreek nie 'n oordeel uit oor enige persoon wat bv. by die charismatiese beweging is nie. Ook daar kan die Here van sy kinders hê. Dit beteken egter nie dat ons dan nie die gevare van die charismatiese beweging, of enige ander beweging, mag uitwys nie. Die Here roep steeds elkeen op om Hom dáár te dien waar die Woord suiwer bedien word. Die Satan kom soos 'n engel van die lig, en mislei (tragies genoeg) selfs kinders van God.

Hoe gaan ons met mekaar om in die jeug?

Anja Luijk

Sit 30 jeugdiges saam op ‘n verlate eiland en los hulle daar vir ‘n tydjie – die resultaat? Dit is redelik voor die hand liggend dat dit nie net heeltyd maanskyn en rose gaan wees nie. Daar sal rusies, onderonsies en dies meer wees. Dit is die realiteit, maar tog word daar van ons verwag om almal as jeuglede in die kerk goed met mekaar oor die weg te kan kom.

Natuurlik woon ons nie op ‘n eiland nie en sien ons mekaar ook nie die heeltyd nie, maar ons het wel saam vereniging, hou saam koffiedrinke, en kuier af en toe saam. Ons is saam in geselskap en dan is dit nie altyd die tipe mense wat ons sou kies as ons vriende nie - ons sou soms eerder nie saam met hulle wou wees nie.

Ongelukkig kan ons nie altyd kies wie om ons is en in wie se geselskap ons wil wees nie. God wil hê dat ons ons naaste moet lief hê soos onsself. Jou naaste is nie net die mense wat jy kies as naaste nie, dit sluit almal in. En is ons nie maar baie lief daarvoor om net mense van wie ons hou en met wie ons goed oor die weg kom lief te hê nie? Of as ons dan ons naaste liefhet op ons manier, hoe en wanneer ons wil.

In 1 Johannes 4 en 5 staan daar dat elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, ‘n kind van God is. En elkeen wat die vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van God is. Hieraan weet ons dat ons die kinders van God lief het: wanneer ons God lief het en Sy gebooie onderhou. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy ‘n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê wat hy nie kan sien nie

Jesus het vir sy dissipels gesê dat ons selfs ons vyande moet liefhê. En dit het my laat besef: wat dan van die ou wat voor my in die kerk sit? Wat saam met my die Here dien en in Hom glo?

Wat presies behels naasteliefde? Dit is baie keer so maklik om lief te wees vir jou vriende, om met hulle te praat oor moeites in ons lewens. Natuurlik hoef ons nie so met almal te praat nie, maar ons kan meer begin belangstel in mekaar se lewens. Ons sal dan besef dat ander ook moeites en probleme het waarmee ons dalk sukkel, so leer ons mekaar definitief beter ken.

In Galasiërs 6 staan daar dat ons mekaar se laste moet dra. Ons moet dalk bietjie stop in hierdie wêreld waar almal mekaar uitbuit, slegsê en in die rug steek vir hul eie belang, en met ander oë na die ou voor jou in die kerk kyk. Wie weet, dalk is hy heeltemal anders as wat jy gedink het?

Voel jy ook so?

Dis nice om te kyk

kaalvoetklonkie

As Johannes sê “Moenie die wêreld liefhê nie” kon hy nie voorspel het dat daar eendag iets soos DSTV, internet, tydskrifte, computer speletjies – en al sulke dinge (die “media”) sou wees nie. Wat hy wel geweet het: die mens se hart verander nie. Sonde is ‘n tydlose, universele konstante. Hoe of wat die mens ook al as volgende kommunikasiemedium sou bedink, die sonde kom saam…

Die gevolge is voor die hand liggend. Waar ons ook al kyk, tegnologie bombardeer ons met wêreldse waardes, gesindhede, en nagemaakte idees oor realiteit. Die media beswadder alles wat goed, waar en mooi is. Hulle gee ons *fake* voorbeelde van hoe ‘n familie behoort te lyk, wat romanse is, waaroor sukses gaan, en hoe en waar ons ons geld behoort te spandeer.

Die media sal nooit probeer redeneer nie. In plaas daarvan, soek hulle die kortste pad na die *soft spot* in ons mens-wees: ons emosies. Hoekom een of ander verdraaide beeld van onsedelikheid voorhou, as hulle net so maklik ‘n

slow-motion close-up van aantreklike mense by kerslig en romantiese musiek kan vertoon? Pynlike gevolge van die sonde? Waar?!

Die mag van vandag se media lê in hulle moontlikheid om die sonde onskuldig en aantreklik te laat lyk. 'n Mens sou amper sê, Johannes se waarskuwing is nog belangriker vir ons as vir die oorspronklike hoorders.

'n Halwe gifpil maak jou nie dood nie

Die meeste van ons herken die gevaar om onsself bloot te stel aan sondige vermaak. Gevolglik stel ons vir onsself grense, gebaseer op hoeveel ons *dink* ons kan "hanteer". Wanneer 'n TV-program of 'n fliek ons net af en toe aan godslastering of 'n toevallige 3-hoeksverhouding of 'n beperkte hoeveelheid geweld blootstel, bereken ons soort van, watter gevaar dit vir ons inhou. Ons tree op asof ons elkeen 'n "sondedrumpel" het waaroor ons nie durf trap nie. Ons kan net sowel onsself afvra hoeveel ons van 'n gifpil sou kon drink voordat dit dodelik is…

Maar die grootste gevaar van die media is nie die eenmalige blootstelling aan 'n spesifieke sonde nie (hoe ernstig dit ook al kan wees). Dit is 'n lang-termyn blootstelling aan wêreldgesindheid – klein stukkies van daardie gifpil, dag na dag, week na week - wat ons hart kan verhard vir die *verkeerde* van die sonde. Wat God as die begeerte van die oë en die sondige verlangens van die hart bestempel, word deur die media tipies voorgesit as natuurlik en skadeloos. Die uiteindelike effek van al daai stukkies van die gifpil is om ons gewete stil te maak, deur dit wat God se Woord die vyande van ons siele noem, as skadelose *minors* te ignoreer.

As jy nie van die kalorieë hou nie…

Durf enigiemand glo dat, solank ek die sonde wat ek kyk, afkeur, my oë rol en iets mompel oor Hollywood se stoutigheid, en die slegste dele fast-forward, dat my siel onaangeraak bly? Ja, *sure* – ek weet sjokoladekoek is sleg vir jou, maar af en toe 'n klein stukkie sal mos nou niks maak nie…

> *Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes.* (Gal 6:7-8)

Ek het gesoek, maar dit lyk nie asof daar enige uitkomkans in hierdie teks is nie. Te veel van ons saai elke dag op die vlees – ons kan ure TV kyk, maar selfs 15 minute vir persoonlike Bybelstudie is soms te veel – en dan wonder ons hoekom ons nie 'n oes van heiligheid kan insamel nie…

Kom ons kyk na 3 maniere om praktiese veranderinge in ons gebruik van die media te maak:

- **Verskerp jou onderskeidingvermoë**

Om goed te kan onderskei, moet ons eers die *actual* aard van iets probeer raaksien. Omdat die media so dikwels d.m.v. ons emosies met ons praat moet ons leer om duidelik te onderskei. Anders, as geweld voorgestel word as *reg*, of begeertes as *romanse*, en hebsug as *sukses,* sal ons vinnig mislei word.
Hier is 'n paar Bybelse maniere om vas te stel of 'n sekere aktiwiteit God sal verheerlik.

1. Stel dit ons in versoeking? (2 Tim. 2:22)
2. Hou dit voordeel in? (1 Kor. 6:12a)
3. Is dit verslawend? (1 Kor. 6:12b)
4. Eer en verheerlik dit God? (1 Kor. 10:31)
5. Bevorder dit die beswil van ander? (1 Kor. 10:33)
6. Laat dit enigiemand struikel? (1 Kor. 10:32)
7. Kom dit voort uit 'n suiwer, sondelose motief? (Jer. 17:9)

Toe John Wesley by Kollege was, het hy 'n brief vir sy ma, Susanna, geskryf en haar gevra om 'n lys te maak van sondes wat hy moet vermy. Haar reaksie was 'n model van Bybelse wysheid:

> "Whatever weakens your reason, whatever impairs (=verswak) the tenderness of your conscience, whatever obscures (=verduister) your sense of God, whatever increases the authority of your body over your mind, whatever takes away from your relish for spiritual things, that to you is sin, no matter how innocent it is in itself.

Ons kan slegs onderskei na deeglike waarneming. Om die goeie van die slegte te sif, sal dit wat sleg en waardeloos is verwerp word. *"Beproef alle dinge; behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad."* (1 Thess. 5:21-22).

Dus, al het jy jou beste Bybelse mening gegee oor 'n boek, film, TV program, of iets anders, moenie agteroor gaan sit en *relax* nie. As iets afstoot of beledig, wees bereid om die toestel af te sit, op te hou lees, of om op te staan en te

loop. Wees altyd gereed om verkeerde idees en onbybelse gedagtes (wat altyd oral om ons is) te weerlê. Kom ons wees mense wat in kantlyne van boeke skryf; flieks, konserte en *shows* met mekaar bespreek. Om só ons onderskeidingsvermoë op te skerp en om wakker en krities te bly in hierdie samelewing van onbybelse waardes.

- **Ons standaarde verhoog**

Waar ook al ons standaarde te kort skiet aan dit wat Christus vra, kom ons verhoog hulle – op 'n nederige manier, sonder om daarmee te koop te loop of ander te probeer hou aan die standaarde wat ons vir onsself gestel het. Kom ons fokus op ons veroordeling voor God, maar laat ons mekaar ook so liefhê om mekaar aan te spoor om uit te kom vir ons christelike keuses. Ons moet onsself altyd afvra of ons standaarde hoog genoeg is. Laat ons nooit dink dat ons gearriveer het nie.

- **Ons gewoontes verander**

Baie Christene, miskien die meeste van ons, is bereid om groot opofferings vir God te maak, maar sal skop teen klein veranderinge.
"Here, ek sal my huis, my familie, my toekoms prysgee, maar moenie my vra om my gunsteling *TV show* op te gee nie!"
Laat ons nie vergeet dat om Christus te volg 'n drastiese verandering in ons leefwyse beteken. As ons God sou wil eer is dit soms nodig om onsself te bevraagteken. Behoort ons minder TV te kyk / minder te gaan fliek / minder tyd *online* te spandeer? As gelowiges, is ons enigste nie-onderhandelbare plig om God te gehoorsaam en Hom te eer – selfs al beteken dat ons daardie *movie* waarvan almal praat, nie gaan kyk nie. Ons moet bereid wees om oningelig te bly oor die "*movie event van die jaar*" as dit God se eer sou skend. Ek is seker dat Hy nie beïndruk word deur *"Academy Awards"* nie.

Moenie dat die TV en fliek ons enigste vanselfsprekende vryetydsbesteding word nie. Om 'n slag opsetlik dit te vermy, sou 'n goeie toets kon wees om te kyk hoe dit my lewe regtig beïnvloed en om so my fokus op God te vergroot.
Laat ons dit maar erken: die wêreld soek ons aandag, onderdanigheid en liefde. Of dit nou subtiel is of blatant, dit sal nooit ophou om ons te probeer oortuig nie. Daarom is dit nodig dat ons as Christene die stryd vir ons eie harte en siele aandurf.

Die apostel Johannes het in 'n wêreld vry van die verleiding van moderne media gestaan, maar hierdie saak van die hart bly dieselfde: **wie of wat wil jy liefhê?**

"Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."
(Jak 4:4b)

Bron: Artikel deur Joshua Harris: "Like to watch"

Godsdiens en die media

Harold Lotz

Die media speel al meer en meer 'n rol in ons alledaagse lewe. Daar is op hierdie stadium meer vorms van advertensie beskikbaar as ooit tevore. Die vervaardigers en diensverskaffers buit ook hierdie middele uit om so veel as moontlik aandag te trek. Die mees algemeenste, en sekerlik die medium wat die meeste mense bereik, is die televisie.

Ek wil graag die lig op 'n spesifieke advertensie rig, naamlik die Virgin Mobile advertensie. Die advertensie begin waar 'n man sy selfoonrekening kry, en dan sommer dood neer val wanneer hy die bedrag sien wat hy aan die diensverskaffer verskuldig is. Hy word dan opgeneem in 'n hysbak, wat sommer so uit die bloute in sy woonstel verskyn. Wanneer hy bo kom, is hy in die hemel, en hy sien oral engele rondom hom. Hy word dan gekonfronteer deur 'n manlike figuur wat deur 'n boek lees wat meer van sy lewe vertel. Alles klink goed, maar die man kom egter op 'n punt waar hy teleurgesteld lyk en vir die afgestorwene die slegte nuus breek. In die boek staan dat hy nog aan sy selfoonkontrak verbind is, en dat hy maar terug aarde toe moet gaan. Die advertensie eindig hier.

Ek dink dat dit werklik skokkend is dat die SAUK toelaat dat so 'n advertensie op die TV verskyn. Die feit dat 'n mens uit die hemel gegooi word oor daar nog 'n aardse verantwoordelikheid of verbinding is, is sommer snert en is bloot 'n bespotting van ons geloof. Ons glo dat ons

alleen uit genade van God gered word en dat daar niks is wat ons kan doen om die ewige lewe te erf nie. Ons glo ook dat dit God se wil is wanneer ons die aarde moet verlaat. Hy kies dus wanneer ons tyd kom; ons het nie beheer oor die tyd of dag wanneer ons lewens tot 'n einde sal kom nie. Verder word die engele ook afgebeeld as vroue wat op wolke rondlê in uitlokkende kleredrag. Dit is tog nie die beeld wat in die Bybel geskep word van God se engele nie? Verder word daar ook geïnsinueer dat 'n mens in die hemel kom deur jou eie goeie werke en dus ook nie deur genade nie.

Alhoewel daar verskeie klagtes was oor die advertensie, het die SAUK die advertensie nie verban nie, aangesien Virgin Mobile se redenasie was dat die vroue nie engele was nie en dat hulle nêrens dui op die feit dat die man hemel toe gegaan het nie. Ek dink dat dit 'n uiters swak verskoning is en dat dit dui op die swak morele en geestelike toestand van die bestuur van die SAUK en Virgin Mobile. Die vraag ontstaan dus, wat moet ons as Christene daaromtrent doen? Die Bybel is baie duidelik wanneer dit kom by Godslastering. Die Bybel maak dit duidelik dat Godslastering streng veroordeel sal word en dat dit onvergeeflik is. Ons moet dus ook nie hierdie tipe optrede duld nie. Alhoewel die klagtes teen die diensverskaffer misluk het, kan ons nog steeds die produkte van hierdie maatskappy vermy en aanhou om teen sulke optrede te stry.

Ten slotte wil ek julle net met die volgende woorde laat: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie" Eks. 20:7

Nog iets

Tempelbouer of toeskouer?

Jaco Haak

'n Jaar of wat gelede het President Mbeki sy staatsrede gehou aan die begin van die nuwe finansiële jaar. Jaarliks is dit 'n groot okkasie met al wat media is daar teenwoordig. So ook alle opposisie leiers wat natuurlik die omvattende media blootstelling ten volle benut om kiesers te beïnvloed en hul stuiwer in die armbeurs te gooi. Ek was bevoorreg om die toespraak regstreeks te volg en die daaropvolgende opmerkings van die ander partye aan te hoor. Die meeste partye het die toespraak afgekraak as teleurstellend en aangevoer dat daar legio knelpunte nie aangespreek is nie. Toe Patricia de Lille se onderhoud aanbreek was ek al siek en sat vir die negatiewe kritiek van die meeste groot partye. Soos 'n aangename geur het haar woorde die onwelriekende lug verdryf. Sy het dit 'n mooi toespraak gevind met vele ligpunte maar sy sou tog sekere punte meer wou aanspreek. En vlugtig noem sy 'n paar punte op en eindig weer op 'n positiewe prysende wyse.

Wat het dit te doen met die opskrif? Alles. Die afgelope paar weke het ons met Nehemia begin by jeugvereniging. Dit handel oor die heropbou van Jerusalem se mure. Die opbou en in ere stel van die kerk in daardie dae. Die vraag wat onlangs in die bespreking geopper was het my aangespreek: "Is jy 'n tempelbouer of 'n toeskouer?"

Meeste mense het al gemeentevergaderings bygewoon, met medebroeders en susters die preek bespreek en algemene gemeente sake geherkou. Dit is opvallend vir my dat vaak baie meer klem gelê word op die skynbaar negatiewe aspekte as die ooglopende positiewes. Verder

wil dit my ook voorkom asof negatiewe stemme gans te veel publiek gehoor word wat die algemene bande versuur. Dit voel later asof daar as het ware "opposisie partye" ontstaan. Miskien skets ek 'n oordrewe mistroostige prentjie maar daar is vir my wel rede tot kommer. Predikante en kerkrade het dit onnodig moeilik met interne struwelinge binne die gemeente of net bloot onsensitiewe, afbrekende en negatiewe kritiek wat dikwels die kerkraad of betrokke persone met 'n ompad bereik.

Wat my dan soms verdrietig laat is die ingesteldheid van gemeentelede. Wil ons saam bou aan die kerk van God? Wil ons die blye boodskap verkondig, in ons gemeente en daarbuite? Wil ons nader aan God groei; hetsy binne of buite die kerk? Dit kom nie altyd vir my so oor nie. Sou dit nie pragtig wees vir jou, en besoekers, om die kerk binne te loop en normale mense te gewaar wat met vreugde die erediens bywoon nie? Na kerk knoop jy 'n gesprek aan met 'n broeder of suster en deel saam in die vreugde van die woord van God. Prys ons God nog so of luister ons na preke om die foute na die tyd in diepte te bespreek? "Ja, die preek was oraait, maar ek stem nie saam met..." Klink dit bekend? Die vrees ontstaan by my dat die blye (let wel: BLYE) boodskap ons te maklik verbygaan. Die blye boodskap moet ons **bly** maak.

Moet my nie verkeerd verstaan nie. Natuurlik moet ons ook terdeë waak daarteen dat ons van die smal weg afdwaal. Sekere dinge mag jy bemerk en jou bekommerd maak. Dit is goed so. Jy is besorg oor die gemeente van God. Jy wil aan die tempel bou, jy wil dat die kerk van God soos 'n lig skyn in hierdie goddelose samelewing. Pas tog net op dat jy nie die pragtige en wonderlike woorde van God mis nie. Verbly jou oor die mooie en die bemoedigende. Praat daaroor, want dit is tot stigting. Dit laat ons as gemeentelede nader aan mekaar en God groei. Maar wees versigtig met die negatiewe. Dit is aansteeklik. Dit kan soos 'n abses aanswel en die hele gemeente aantas. Jy kan jou medebroeder of suster die vreugde van die evangelie ontneem of dit ernstig striem.

Ons ingesteldheid is van kardinale belang. Opper jou bekommernisse deur die regte kanale. En as jy met jou vriende of familie daaroor praat, erken die goeie en dan in die gees van naasteliefde en besorgdheid opper die dinge wat jou pla. Regte kanale beteken miskien regstreeks na 'n ouderling of na die betrokke persoon gaan. Moenie sit en wag tot die ouderling na jou kom nie. Meestal is dit 'n gebrek aan kennis of 'n misverstand wat gou opgelos kan word. As jy uit die niet in 'n gemeentevergadering of jeugvereniging opspring en tot die aanval oorgaan het jy onnodig die rus versteur in die gemeente. Dan dra jy nie medegelowiges en God se belange op die hart nie.



Ons - en ek reken myself hier by - kan tog so koppig wees. Ek is reg, ek weet van beter. En net daar sit ons die pot mis. "Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is..." (Spr. 3:7) Wysheid is 'n vrou wat langs die straat staan en roep en sê: "Luister na my teregwysing en ek gee julle wysheid in oorvloed en leer julle my woorde begryp." (Spr. 2:20,23) Luister ons nog na teregwysing? Of is ons eerder maar al te willig om self tereg te wys?

Laat ons mekaar met liefde bejeën en ons genadige God loof en prys en saam versteld staan oor sy almagtige dade. Laat ons dan eerder soos 'n de Lille, as ek hierdie vergelyking mag maak, positief krities wees en bou aan die gemeente as wat ons soos 'n Tony Leon maar net met alles fout vind.

Voetspore

Hallo fellas

Sondag 9:20 CAT.
Nou moet julle goed luister, wat jy nou hoor is belangrik. Nee, nie hierdie Voetspoor nie, maar die dominee wat nou juis begin praat. Ek is naamlik seker jy lees hierdie terwyl die kerk so ampertjies begin. Stouterd!

Sondag 12:45 CAT (vir Pretoria, Joburg, Bethal en Kaapstad) 14:45 CAT (Maranata)
Goed, dis nou na kerk, en soos gebruiklik in julle gesin het julle sopas 'n lekker koppie Pierre Lotti koffie gedrink en die preek bespreek, en gekyk of die dominee wel genoeg kontekstueel Messiaans gepreek het, en of hy wel 'n swart pak aangehad het. Verder het julle ook sopas Suster X se nuwe haarstyl bespreek. Dit is nou kortom die perfekte geleentheid om nou die jeug se gange met u gunsteling Olielamp-artikel deur te gaan. O nee, *Uit die Woord* gaan nie oor die jeug nie. Dit is nou die tyd vir Voetspoor lees.

Sondag 12:45 CAT (vir vinnige lesers) + 2 ure vir Maranata of ander stadige lesers
Brooklyn Mall staan bekend vir sy eksklusiwiteit (daar is naamlik spesialis winkels soos Dion, CNA en Woolworths), en vir pure styl. Mense wat na Brooklyn Mall gaan is mense wat nie praat van "kos eet" nie maar van "kaviaar eet". En hulle sê nie ordinaire woorde soos "lekker" nie. Want hulle vind baie dinge nie lekker nie, behalwe kaviaar natuurlik. En dit noem hulle gewoon "kaviaar". Gelukkig het die meeste van hierdie mense darem Mediese Fonds. Hoekom vra u uself af? Want, liewe leser, as 'n mens nie mediese dekking het nie en daar gebeur iets ergs met een van u familie-lede, hetsy fisies, mentaal of beide, dan het u nie die finansiële rugsteuning om dit te finansier nie. Selfs u bank, wat tussen hakies u warmte is, sal u dan in die koue laat staan. Daarom is dit wys om kwaliteit mediese dekking uit te neem by 'n betroubare makelaar. Die meeste van die Brooklyn Mall gangers het dit darem gedoen en hulle was bly op 'n koel Vrydagaand dat hulle dit inderdaad gedoen het. Want - soos eerder genoem - kan hulle dit nie hanteer as hulle in aanraking kom met 'n tekort aan klas nie. Nie dat 'n mens nie klas het as jy 'n T-Shirt dra waarop staan "I rather push my Ford than drive a Chevy" nie, maar soms word dit so gesien. Rudy – die trotse mode-ikoon wat tewens hierdie hemp gedra het – was self nog in 'n tweestryd of hy die hemp gedra het omdat hy dink *dis classy, my ou* of omdat hy net ons minder-bevoorregte-wat-betref-style broeders en susters van Danville wou *muf byt.*

Lesers, net om nie die indruk te wek dat Rudy 'n Tappie is nie (hou dus die pen en papier waarmee u 'n klagte-brief aan die redaksie wil skryf nog 'n rukkie in die laai), die jeug het Vossejag gehou. En Rudy, wat gewoonlik homself tooi in Versace pakke, het die geleentheid aangegryp om in touch te kom met sy inner-Danville side. Guido was weer tevrede as hy net in touch kon kom met enigiets en het soos 'n Iets (dit is nou 'n ongedefinieerde entiteit) in 'n judo pak aangetrek. Snaaks genoeg het niemand hulself verklee as 'n vos nie, maar then again, diere is verbode in Brooklyn Mall. Sommige mense was selfs so onherkenbaar dat hulle steeds vermis is. 'n Mens sien sommige mense selfs nie eers by JV nie.
'n Ander teken van die tyd wat die JV-besoeke beïnvloed is die Jakaranda-tyd of Jakaranda-fever, soos dit bekend staan in mediese handboeke. Sommige mense moet toevallig juis leer tydens JV en ander mense gaan weer JV toe omdat hulle dan lekker nie hoef te leer nie. 'n Gewaarwording wat indirek gelei het tot die besluit van die JS om 'n oulike afsluitingsbraai te reel. Die cool ding is dat die graad 10's, wat volgende jaar hul opwagting maak in die jeug, dan ook geïnisialiseer sal word. Hierdie ritueel, wat dikwels gepaard gaan met tenminste 4 woorde ("welkom", "julle", "klomp" en "nuwelinge") van die JS voorsitter, het al deur die jare homself bewys as dié mylpaal in 'n kerkjeuglid se lewe waar hy groot geword het. Dis as't ware asof hy dan die stap van puber tot adolosent maak in een gesellige aandjie onder genot van 'n stukkie boerewors. Volgens my bronne kan een van die nuwe lede, Sietze Snijder, nie wag nie en begin hy al vir sy ma-hulle vra vir 'n skeermes of twee.

'n Ander bekende, Nicolas, wat duidelik redelik lanklaas 'n skeermes aan sy hoof gesit het, het sy gesig kom wys. Verder het hy ook die res van homself gewys, maar hy het baie duidelik nie die aandag daarop gevestig nie. Vir hom was dit natuurlik fantasties om weer 'n bietjie in ons land te wees en nie in die dull Aussie

outback nie. Sy familie het ook gedink dis okay dat hy hier was. Hy was vir hulle verjaarsdag hier, maar gelukkig was daar nog genoeg koek vir hom ook (ondanks die gemeente se stormloop na Fratesweg 775), want mevrou Kleijn het nie koek gebak nie, sy het koek geproduseer, en ek twyfel of sy net twee hande het. Vermoedelik twee lopende bande? Of 3 tuiswonende kinders tydens die heuglike gebeurtenis? Anyway, tot ons spyt is Nicolas alweer terug. Pogings om hom hier te hou is gekniehalter deur eksterne faktore soos die feit dat sy paspoort unlike meeste Zimbabwiërs, wel geldig is.

Op 'n ander Saterdagoggend het die Studente Vereniging 'n uitstappie na die Apartheidsmuseum in Joburg gewaag. 'n Pas om in te kom kos slegs R 17,- vir studente en die plek is geweldig goed uiteengesit. Dit was baie indrukwekkend en almal het maar so stil-stil, vas in hul eie gedagtes en in die verkeer huiswaarts gekeer.

Tussen die vorige Olielamp uitgawe en hierdie een deur het die belydeniskatkisante van Pretoria (Mariëtte, Albert, Roelof, Ingrid, Renier en Celeste) asook die van Maranata (Wilna, Abbie, Johannes en Johan) belydenis van hulle geloof afgelê. Baie geluk julle almal!

En dit bring my by 'n gepaste einde, naamlik om totsiens te sê.
"Totsiens"

Voetspoor

Deur die sleutelgat

Sawubona!

Dit was maar rustig op die sosiale front die afgelope maand. Maar 'rustig' is dan ook juis die woord waarmee 'n mens die kapenaars kan opsom. Gevolglik het dit ook nie regtig die wenkbroue laat lig nie. Een van ons legendariese broeders, Albert Drijfhout, het die situasie oudergewoonte korrek opgesom. "Stilte voor die storm" het hy geprewel een Sondagaand terwyl die regter lob van sy enorme brein terselfdertyd besig was met die ontrafeling van die komplekse "Kubiese Ruggraat Interpolasie". Die lig begin nou ook al hoe helderer brand aan die einde van die tonnel vir menige studente. Die klimaks van die studiejaar is om die draai en die potlode word verwoed verteer tot op die laaste greintjie lood, naels word gekou en hare gekloof. Ek wil alle studente net sterkte toewens.

Dit was die eerste keer dat ek die huisvesting van die gesin Mulder betree het. Dit was koffiedrink en eerste indrukke tel. Marlise het dit terdeë besef en die gaste (oorlaste?) onder die indruk laat verkeer dat hulle 'n vyfster hotel binne gewals het. Versnaperings het die gulsiges laat knor van genot. As bonus kon 'n mens bo-op die muur stelling inneem langs die gasvrou en die besondere uitsig bewonder. Soos 'n koningin het sy daar gesit, maar by die eerste tekens van verveeldheid opgespring en die bal aan die rol gehou. Sy het selfs die okkasie verewig en op film vasgelê. Rickert het al die ophef loutere onsin gevind en deurgaans klein groepies mense vermaak in sy kamer. Die aand is gepas afgerond met 'n blitsige 30Seconds spel. Helene het die indruk geskep dat haar span loshande wen. Toe die toeskouers binnestroom besef hul dat haar gebulder eerder uit frustrasie gebore was. Baie aangenaam dankie, Marlise en Rickert!

Daar was 'n lugskou in die Kaap. Die wisselvallige weersomstandighede het vir 'n slag in die guns gedraai van die vele entoesiaste. Die tipe vermaak lê Olga na aan die hart aangesien sy miskien lugverkeerbeheer wil studeer. Haar suster, Anneli, was duidelik ook opgewonde en het uit nuuskierigheid te na aan die straal enjins van die ystervoëls gekom. Haar uiters rooi gelaat het daarvan getuig. Die hipermoderne Airbus sou na mening die kollig steel maar helaas het die "vlagskip" van die Zimbabwiese Lugmag met 'n gestotter en 'n ewe amateur landing sy krat op die aarde neergesit en almal se harte gesteel! Vir my bly die indrukwekkende Rooivalk (helikopter, trots Suid-Afrikaans) die hoogtepunt. Anja was gekroon as die ywerigste ondersteuner na sy die oggend 4 uur uit die vere was om die verkeer te ontduik.

Diktator, opperbevelvoerder Geerts was jarig. Dis nou Jan vir die leke. Hy het natuurlik terdeë besef dat 'n partytjie die hordes van heinde en ver sou lok en gevolglik hom bepaal by 'n knus gesellige koffiedrink. Elise moet hier pertinent genoem word. 'n Mens sal vir 'n oomblik opkyk

en daar staan sy, met een of ander eksotiese happie of 'n aanbod om jou glas te vul. Merkwaardig! Dit voel asof 'n mens 'n persoonlike kelner het. "Barricade" - 'n spel wat grens aan "Mens erg je niet" - steel altyd die kollig. Albert het 'n nuwe spel ingevoer genaamd: Backgammon. 'n Twintig-bladsy instruksie handleiding was ter beskikking vir die belangstellendes. Baie geluk Jan!

Minikongres het aangebreek. Die Geerste het die oggend nog gedraf in 'n wedloop en gevolglik ietwat laat opgedaag. Die onderwerp was Doop en uiters insiggewend. Dominee het soos gewoonlik die skares in vervoering gehad. Dit was uiters geslaag en dit was lekker om weer met ons ouderlinge te skakel. As jeug is ons nog maar nat agter die ore en maar net te gretig om na die wysheid van die kerkraad te luister. Dankie kerkraad en dominee. Hoop u raak gou gesond. Ons bid vir u.

Laastens was dit Maria (Annamarie Eefting) se verjaarsdag. Jy moes jou vermom vir die geleentheid aangesien dit soort van 'n gemaskerde bal was. Sonder gedans. Ceasar (Adriaan) was daar, so ook die Swart Kat (Henriette), Liewe Heksie (Annamarie), Harige Monster Ding met Goue Hare (Floris Antonides), Debbie van Napoleon Dynamite faam (Anja), Elvis (Christiaan), twee Texas Rangers (Chrisjan en Fijma), VVV's of Vreemd Versierde Voorwerpe (Johan en Hester), twee skobbejakke (Ap en Marinus), 'n uiters dom feetjie (Shanè), Maya the Bee (Wietske), Sneeuwitjie (Corlia) en Britney Spies (Olga). Wat is die eerste ding wat hierdie uiteenlopende figure doen? Hulle speel PimPamPet. Johan was duidelik die slimste van die lot, terwyl Corlia maar stil gebly het want sy hoef nie haar wysheid te bewys nie! In 'n ietwat verdagte gebeurtenis het Albert homself met sy boeie aan Jaco vasgebind. Dit was natuurlik alles in die naam van die wetenskap. Die teorie "gedeelde las is ligter las" is as waar bevind.

So vir al die lesers wil ek sterkte toewens met die besige tyd voor. En net soos dit veel lekkerder is om eers die spinasie te eet en die rooi beet en dan laastens die choppie is die vakansie, kongres en Kersfees meer aangenaam na al die geswoeg en sweet. Verdien dit!

Gaan in vrede!

KONGRES: THE INSIDE STORY

Aandag alle belangstellendes... Jy is bewus van die opgewondenheid wat tans heers oor die Kongres. Jy het onwillekeurig jou naels begin kou; in jou haas om die brokkie inligting te lees jou grimering geruïneer en twee diep teue vars lug ingeasem en miskien 'n "inside story" sjokolade verorber. Spits jou ore, maak skoon jou bril lense en... lees.

Die kongres se Tema is die jaar: **Toekomsverwagting**.
Dit sal ouder gewoonte weer vier werkswinkels inkorporeer. Dit word soos volg ingedeel:

1) Toekomsverwagting en Evangelisasie
2) Toekomsverwagting en Christelike Lewenstyl
3) Toekomsverwagting en die Heilige Gees
4) Toekomsverwagting en die Wetenskap

Laat julle gedagtes daaroor gaan. Hopelik sal daar in die Desember uitgawe 'n kort inleiding verskyn van elke onderwerp om die lippe nat te maak. Vir meer besonderhede kontak P. Niemand by **083 FIK TIEF**.

Antwoorde van Bible Puzzles in vorige uitgawe :
Letterfall
Prediker 5:9
Want hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie; ook dit is dan tevergeefs.

I wonder what would happen if we treated our Bible like we treat our cell phones?

- What if we carried it around in our purses or pockets?

- What if we turned back to go get it if we forgot it?

- What if we flipped through it several times a day?

- What if we used it to receive messages from the text?

- What if we treated it like we couldn't live without it?

- What if we gave it to kids as gifts?

- What if we used it as we traveled?

- What if we used it in case of an emergency?

This is something to make you go...hmmm...where is my Bible?
Oh, and one more thing.
Unlike our cell phones, we don't ever have to worry about our Bible being disconnected because...
Jesus already paid the bill

Bid vir ...

- bewaring teen verleidings van onder andere die media\
- Goddelike wysheid

Verjaarsdae

Bethal

Nicky Grobler	2-Nov
Germari Nel	2-Nov
Riaan Porter	7-Nov

Johannesburg

Reinier de Haan	12-Nov
Wouter Boessenkool	26-Nov
Karina Hamming	29-Nov

Kaapstad

Marthie Breytenbach	3-Nov
Henriëtte Geleijnse	6-Nov
Christiaan Luijk	7-Nov
Rickert Mulder	8-Nov
Harold Lotz	12-Nov
Johan Bijker	15-Nov
Bianca Nicholson	21-Nov

Maranata

Sietse vd Meulen	24-Nov

Pretoria

Renier van der Poel	15-Nov